SHOPRITE TOON STEWIGE OMSETGROEI IN EERSTE KWARTAAL

Vir die drie maande tot einde September 2011 het die Shoprite groepomset met 10,8% verhoog. Met die groep se interne inflasie op 3,8%  verteenwoordig dit reële groei van. Hierdie toename vergelyk met omsetgroei van 9,7% vir die ooreenstemmende drie maande in in 2010 toe die groep se interne inflasie -1,5% was.

Shoprite se kernbesigheid, Supermarkte RSA, het ook omset met 10,8% laat toeneem terwyl interne voedselinflasie gemiddeld 4,0% vir die drie maande was teenoor -1,8% vir die ooreenstemmende tyd in 2010. Die groep se interne voedselinflasie is steeds beduidend laer as die amptelike voedselinflasie-indeks van 7,7% vir die tydperk.

Mnr Whitey Basson, die groep se uitvoerende hoof, het gesê hoewel inligting oor markaandeel in die voedselkleinhandelsektor nie langer beskikbaar is nie, was sy bestuur in die lig van sektorinligting tot sy beskikking daarvan oortuig dat die groep steeds markaandeel ten koste van sy vernaamste mededingers wen. “Ons vertroue word gesteun deur die toename in mandjiegrootte bo inflasie en die positiewe groei in sy getal klante.”

Hy het gesê verbruikers elders in Afrika is onderhewig aan dieselfde druk as hul eweknieë in Suid-Afrika. In konstante geldeenhede was die omsetgroei in die groep se Afrika-bedrywighede feitlik dieselfde as in die ooreenstemmende drie maande, naamlik 13,9% nou teenoor 13,5% toe. Weens die verswakking van die rand teen van die vernaamste Afrika-geldeenhede was die styging in randterme 12,7% teenoor 2,1% in 2010.

Hoewel die hoogs mededingende omgewing waarin die meubeldivisie sake doen, feitlik onveranderd gebly het, het omset met 12,8% toegeneem in vergelyking met die drie maande wat onmiddellik op die Wêreldbeker gevolg het. Ander afdelings van die groep wat OK Franchise, Medirite en Computicket insluit, het omset met 7% verhoog.

Basson het gesê verkope het in September en Oktober versnel en bestuur verwag dat hierdie tendens in die feestyd in Desember voortgesit sal word.

Einde